



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 24
No 11

Desember 2015/
Januarie 2016

God stuur sy Seun na die aarde.....	2
Sending in 2015.....	3
Die huwelik – Achilleshiel van die amp?	6
Alternatiewe nagmaalsformulier	9
Orgaanskenking	11
Herbedraad jou brein	14
So wyd soos die Wêreld	15
Studente proteste	18

Totdat Hy terugkom ...

Ons dink almal na oor die toekoms. God het ons mense geskape met 'tyd'; of soos Prediker sê: God het die eeu in hulle hart gelê (Pred. 3:11). Ons kan terugkyk en ons kan vorentoe kyk. Ook al weet niemand wat in die toekoms voorlê nie, dit hou ons wel besig. Die aanslae in Parys maak mense somber – wat kan ons nog meer verwag? As dit oor die toekoms van Suid-Afrika gaan, kan ons mekaar ook baie mismoedig maak. En wat van die toekoms van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika? Die teologie ken die vak 'eskatologie'. 'Eschata' is die Griekse woord vir die laaste dinge. Eskatologie is dus die leer oor die laaste dinge, die leer oor die eindtyd. Dink jy na oor die eindtyd? Daar is stromings in die Christendom wat hulle baie besig hou met die eindtyd. Die chiliasme is 'n stroming wat in detail vir jou kan verduidelik wat in die toekoms gaan gebeur. Hulle beweer dat Jesus Christus nie een keer nie, maar twee keer sal terugkom. Die eerste keer kom Hy net om die gelowiges met Hom saam te neem (die sogenaamde wegraping). As Hy die tweede keer terugkom, begin die 1000-jarige vrederyk. Die gereformeerde kerke het hierdie spekulasies altyd afgewys, omdat die Bybeltekste waarop dit gebaseer is, maar baie dun is. Maar wat is 'n gereformeerde toekomsverwachting, of moet ons ons maar glad nie met die toekoms besig hou nie?

Om jou nie met die toekoms besig te hou nie, is nie in ooreenstemming met die Bybel nie. Ons word mos in die Bybel gereeld opgeroep om wakker te wees en voorbereid te wees op die terugkoms van ons Here Jesus. Juis in die weke voor Kersfees het die kerk altyd ekstra aandag hieraan gegee. Dit staan bekend as die periode van advent. Soos wat Israel op die koms van die Messias gewag het, so wag die kerk op die wederkoms van Christus.

Wat kenmerk 'n gereformeerde toekomsverwachting? Allereers fokus ons nie op tye en geleenthede wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie (Hand. 1:7). Ons hou ons nie besig met wat eers gaan kom en wat daarna gaan kom en hoe lank dit sal duur, soos wat die chiliaste doen nie. Ons fokus op die Eschatos, op Jesus Christus wat die Eerste en die Laaste is. Ons verwag Jesus Christus uit die hemel, Hy wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle ver-vloeking van my weggeneem het (HK 19). Ten tweede verwag ons dat God reg sal doen. Hy kom om te oordeel. Hy sal sorg dat die onreg in hierdie wêreld regverdig gestraf sal word en dat aan hulle wat onder onreg ly, reg gedoen word. Ten derde verbind die Bybel aan die verwagting van Jesus se terugkoms altyd die oproep om heilig te lewe. Die naderende ontmoeting met ons Here en Heiland moet 'n belangrike rede wees om teen die sonde te stry en rein te lewe. Ten vierde roep die Bybel ons op om geduldig te wees (Jak. 5:8). Die wederkoms van die Here is naby, maar terselfdertyd moet ons nie die wederkoms na ons toe wil trek of vandag al dinge verwag wat God eers vir die nuwe hemel en die nuwe aarde belowe het nie.

Ons het as gelowiges ons hande vol aan die dinge wat hierbo genoem is. En as jy hierop fokus, dan sal die wêreldgebeurtenisse jou ook minder bang maak, want dit staan alles in die groot konteks van die wederkoms van ons Here Jesus.

Ds Jelle Drijfhout, predikant van die Gereformeerde Kerk Hattem-Centrum (Ndl)

God stuur sy Seun na die aarde

Sondag 35, Handeling 17:22-31, Johannes 1:1,14

Uit die Bybel

Oor enkele weke mag ons weer Kersfees vier. Watter implikasie het Kersfees vir ons aanbidding van die HERE? Sedert die sondeval is elke mens soekend. Op soek na 'n werklike God. Ons wil graag 'n God hê wat teenwoordig is. Ons wil Hom naby ons hê. Ons wil aan Hom verbind wees; en Hy aan ons. Ons wil hê Hy moet ons van die nodige voorsien. Hy moet die antwoord op ons probleme wees. Hy moet ons trane wegvee. Hy moet ons rede gee om weer te lag, te léwe, vir ons sin gee om te lewe.


Maar waar vind jy só 'n God? In die Ou Testament het die nasies rondom Israel nie so 'n God gevind nie. Hulle het probeer om so 'n God te maak van hout of kosbare metaal; om hulle gode so vir hulle 'n realiteit te maak. In die Bybel lees ons dat Israel versoek is om dieselfde te doen. By die Sinaiberg het hulle dit ook gedoen – 'n goue kalf wat die HERE voorstel. In die geskiedenis van die Christelike kerk het dit gebeur. Beeldeverering – om nader aan God te voel. Beelde en portrette van die Here Jesus, Maria, die kruis, gebrandskilderde vensters in kerke – die sg. boeke van die leke.

Kersfees is besonder goeie nuus. Ons hoef nie 'n eie denkbeeld van die God van hemel en aarde te hê nie. Ons het nie nodig om soekend na Hom te wees nie, so asof Hy hom vir ons wegsteek, omdat Hy so moeilik is om te vind. As dit nie vir Homself was nie, sou ons ook nie die ware en enige God vandag ken nie. Ons sou nou nog 'n onbekende God dien. Iemand van ons verbeelding. Die God wat andersins onbekend sou wees, het Homself aan ons kom bekendmaak. HY kom na ons toe. Ons hoef Hom nie uit die hemel te gaan haal nie. HY het na ons toe afgebuig sodat ons Hom in gees en waarheid kan aanbid.

Het ek die regte beeld van God?

In die begin het God sy eie perfekte beeld gemaak; ons mense. Na die sonde in die paradys is daardie beeld stukkend. Adam en Eva is bang vir God en kruip vir Hom weg. Hulle word uit die Paradys weggestuur, weg van die teenwoordigheid van God

af. Hulle is vervreemd van God. Daardie verlies van God se teenwoordigheid is nou 'n leegte by elke mens. En dié leegte moet gevul word. Die mens wat vervreemd is van God, voel alleen en verlore. Hy is op soek om daardie leegheid te vul.



Ons sien dit in Handeling 17. Paulus kom in die stad Athene en hy sien dat die stad oorgegee is aan afgode. Athene se mense is baie godsdienstig. Hulle aanbid enige iets. Hulle het selfs 'n altaar vir die onbekende God gebou. Hulle soek na 'n God wat 'real' is. 'n God wat naby is, aan wie jy verbind kan wees, wat vir jou in elke opsig sorg, die antwoord op al jou probleme is, om die hartseer en pyn weg te neem, die trane af te vee, wat vir jou rede gee om te lag, te léwe, om lief te hê. En hulle het gedink dat hulle self dié God moet soek en vind. En dan verkondig Paulus (hy maak bekend) hierdie onbekende God aan die Atheners (vs. 23-31).

Met die Kersgety wat al nader aan ons kom, dring die vraag hom aan ons op: het ons die juiste beeld van God? En watter implikasie het dit vir ons aanbidding aan Hom? Ja, ons wil so graag 'n God hê wat 'real' is vir óns 'liking'. Miskien is jou beskouing van God dat Hy nie ore of oë het nie. Miskien is dit dat Hy swak is, dat Hy maar net praat en niks doen nie. Miskien sien jy Hom as 'n 'stainless steel' God; verwag so baie van 'n mens. Miskien sien jy Hom as wispelturig, nors, altyd kwaad. Miskien sien jy Hom as iemand wat daarvan hou om mense in die hel te sien. 'n Verkeerde siening van God beskadig sy beeld, reputasie. Kersfees sê: die mens hoef nie sy

eie voorstelling oor God te hê nie. Hy het Hom aan ons kom bekendmaak: Wie is Ek? Hoe is Ek? Ons het nie nodig gehad om Hom te soek nie. Die Hoë en Verhewene kom óns opsoek... in ons duisternis. En tog bly ons dors na 'n beeld. Ons, wat oorspronklik geskape is na die beeld van God, soek daardie beeld van die onsigbare God, vir Wie ons kan aanbid en deur Wie ons mag aanbid. En nou gee God sêlf ons ook daardie perfekte beeld.

God stuur sy eie Seun na die aarde. God stuur iemand na ons toe wat "die BEELD is van die onsielike God" (Kol. 1:15). Jesus is God in menslike vorm. En dit is waarna elke mens dors. Die goeie nuus is nie soseer dat ons hemel toe mag gaan nie. Nog béter nuus: God het die hemel verlaat en by ons in die Persoon van die Here Jesus kom bly. Jesus is: Immanuel – God met ons. En ons mag hierdie Jesus

Sending in 2015

Gauteng

aanbid. Hy is nie net die Beeld van God nie. Hysêlf is God. "In Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik" (Kol. 2:9). Johannes skryf: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon en ons het sy heerlikheid aanskou". 'Astonishing'!

Ds Carl van Wyk, sendeling van die Vrye Gereformeerde Kerk, Wesbank

2 Selfsorg gaste-eenhede in Bellville

On The Balcony

(1-slaapkamer-eenheid, 2 tot 3 persone)

Blackwood Cottage

(2-slaapkamer-huis, 6 persone)

Vir nadere inligting, kontak Ingrid

ingridkl@iafrica.com

072 573 0667 / 021 910 2260

Kerknuus

In 2014 het die Vrye Gerformeerde Kerke in Suid-Afrika gevier dat daar 50 jaar gelede formeel met die sendingwerk in Suid-Afrika begin is. In elke VGK-gemeente is daar 'n kort oorsig van dié 50 jaar gegee. As ons na 2015 terugkyk, sien ons met dankbaarheid dat baie seëninge ontvang is. Die Heilige Gees bou inderdaad aan die kerk.

Maar daar bly egter baie werk oor wat gedoen moet word. Daar moet konstant aandag gegee word aan werklike bekering. Te veel lede bly passief en dan kom die vraag soms op of hulle inderdaad wedergebore is. Geloof word verder dikwels vermeng met tradisionele godsdienste en bygelowe. Vir werklike bekering is duidelike onderwys nodig oor die wedergeboorte en 'n aanleer van toewyding aan God.

Daar moet ook aandag daaraan gegee word om lidmate te ontwikkel in die gawes wat hulle kan gebruik tot eer van die Here – lidmate moet verder leer oor hoe hulle diensvaardig moet en kan wees. Een van die uitdagings hier is om die tekort aan vertroue tussen lede en 'n gees van jaloesie aan te spreek.

'n Verdere uitdaging is die aanspreek van finansiële selfstandigheid. Dis sodat die nuwe gemeentes nie

van ander gemeentes (en spesifiek die buitelandse kerke) afhanklik moet bly nie. Dit word aangespreek deur opleiding van gemeentes in geldbestuur, wat elementêr begin met die tel en verantwoording doen oor die kollektes wat elke Sondag ontvang word. Finansiële verantwoordelikheid begin dus vir sendinggemeentes van dag een af. 'n Onderdeel hiervan is ook om die getroue betaling van tiendes aan te spreek – om na jou vermoë met blydschap aan die Here terug te gee.

'n Kritiese punt waaraan gewerk word is om manslidmate voor te berei om leiding te neem deur beskikbaar te wees vir die ampte. Om mans te kry om aan te sluit by die sendinggemeente is alreeds 'n uitdaging. Mans ervaar dikwels 'n stryd om die geloof aan te neem, wat veelal teen die heersende tradisionele kultuur indruis.

Natuurlik geld hierdie voorskrifte vir ons almal en moet dit elke gemeente aanspoor om nie in dieselfde swakhede te verval nie.

Maar wat het in 2015 in die sending gebeur? Hier volg 'n kort terugblik van wat in die onderskeie gemeentes plaasgevind het.

Nellmapius

Dooplidmate	25
Belydende lede	60
Totaal	85

Charles Dickens in his book titled "A tale of two cities" describes the period in the following words: "It was the best of times, it was the worst of times." This is the feeling one has as we look back to the mission work. There are times when you are convinced that things are going horribly wrong and there are times when you see the fruits and you feel that it is the best of times.

For this year we have enjoyed the latter, even though one feels that things can still improve for the better. Church attendance was good on most of the Sundays. We had a number of activities, especially from the side of the young people. On the 10th of April we had a special meeting where we invited other young people who are not members of our congregation for a movie night. The turnout was great as well as the discussion. We celebrated things like mother's day and father's day; with some refreshments after the service. Great moments.

On the 18th of February we lost a sister. It was very difficult as a church to conduct her funeral, for she was not active in church, especially in church attendance.

On the 17th of May we accepted a young mother as a full member of our church. For more than two years she attended our church and in the process she took some lessons in our new membership course.

The highlight for the year was when we reached an agreement with a brother to lease his property for church services. We have already signed the lease agreement, we now have discussions about building a structure which can be used for church meetings and other activities.

Rev George Mnisi



Soshanguve WW/UU

Dooplidmate	24
Belydende lede	48
Totaal	72

As a new missionary to the mission work in WW/ UU I had challenges in the beginning of the year 2015. The mission work in WW/UU started slowly. It was through the assistance of my colleague, Rev P. Magagula, that we started to make house visits to the members in February 2015. We started to build relationships with the members and this helped us to get to know the members better.

In the beginning of the year we had no church activities. It was through the preaching of a series on spiritual gifts, that the members started to volunteer to do tasks in the church.

In the middle of the year we had a volunteer to teach the Sunday school and the youth. During the winter school holidays I lead the youth through a workshop on redemptive history of the Bible. It was through the workshop I discovered the passion of the young people to study the Bible. We also started to have a new member's course and catechism teachings to the young people.

In June 2015 the fathers and the mothers in WW/ UU both hosted conferences despite the challenge of not having electricity in the Church building. In September, after many years, the church celebrated the Lord's Supper and admitted two new members. Despite the challenges we face in the mission work, God continues to build his church.



Rev Phineas Kgatle

Soshanguve XX

Dooplidmate	31
Belydende lede	31
Totaal	62

By the grace of God, the church is continuing in XX, as Christ said, I am the head of the church. The gospel is preached every Sunday, the mothers are coming together every Thursday to study the Word, children are taught in the Sunday school, the youth

are coming together though with some difficulty and the fathers are coming together with other fathers once during the public holiday to study the Word.

We are blessed to receive visitors some Sundays to worship with us.

There were many good and bad things in the church. We had to close the Sunday school temporary as the teachers were nowhere to be found, the Bible study for three weeks, members never showed up and we had to stop the 12-15 years class.

On the positive side, when hosting the Good Friday conference there was unity amongst the members, working together, and even the husbands, who are not coming to church, were with us preparing the fire, and the youth, though they are not coming together, they were united while hosting their youth day conference.

The church suffered many losses, as members withdrew their membership due to various problems. And the promise of God is: "the gates of Hades will never overcome". God is true and faithful in fulfilling his promises and I am encouraged not to lose heart, but to be courageous, because He will never leave us, He is The One building his church, and me as an instrument in His hand.



Rev Thabo Matlaela

Soshanguve F4

Dooplidmate	28
Belydende lede	91
Totaal	119

Many things happened at F4 in 2015.

In the side of sorrow, two grandmothers had passed away, one was 100 years old and the other one 66; and in joy, two brothers had paid their lobola and their wives are attending the new members class.

Every Sunday we teach the gospel of God and there is good attendance of members in the church. The Bible Studies are going well. The Youth Bible Study is every Friday night and we are busy in the book of John. Every Sunday after church there is a Sunday School for the younger children. I visit the members regularly and give assistance to Rev Phineas Kgatle in his congregation. If there are matters in the Soshanguve GG congregation that the fathers cannot solve, I also assist them.

In F4 we pray for each other and every member must help other, e.g. if one member is not attending church or Bible Study, his/her ward member must know why he/she was not attending that day. It is not only the duty of the missionary, but also of the fathers. If the father did not attend church, we ask his neighbour why he is not there. Every Sunday we pray for love in the congregation and to grow spiritually.

We also have a building project, we want to build a church at F4. We already bought 40 000 bricks in 2015 and are in the process to save money to buy window and door frames. Every first Saturday of the month we sell clothes and other objects at a very low cost. The money is divided among the other mission congregations as well as helping us in the building



project. It is not an easy thing to build our own church. We want to make our members to believe in themselves that they can build the church building, despite of their financial difficulties. If they believe that, they can also grow spiritually, because in God everything is possible.

Rev Piet Magagula

Living Hope

Dooplidmate	0
Belydende lede	9
Totaal	9

Verrassing, verbasing en dank.

Verrassende dinge het hierdie jaar in die Living Hope-gemeente gebeur. Dit was opwindend om God te sien werk.

Eerstens bestaan ons gemeente uit sowel blanke as swart lidmate en gaste, daaronder tel Suid-Afrikaanse burgers sowel as buitelanders. Omdat ons Engelstalig is, is dit vir buitelanders moontlik om deel van die gemeente te word.

Ons almal weet hoeveel spanning daar bestaan tussen die verskillende bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Rassisme en eiebelang lyk onoorwinlik. Xenofobie (wat eintlik vreemdelingehaat of jaloesie is) en angste oorheers. Dan is dit wonderlik om te sien hoe mense wat 10 verskillende tale praat en uit 6 verskillende lande afkomstig is, liefde vir mekaar het en mekaar ondersteun. Dit is 'n wonder wat God gedoen het!

Daar is mense wat dink dat dit onmoontlik is om 'n gemengde gemeente te begin. Los maar jou gemaklike en maak oop jou oë vir die werk van Christus. Hy gaan steeds voort om, soos in Efesiërs 2:11-22 beskryf staan, die skeidingsmuur af te breek en 'n nuwe mensheid te skep. Hy hou aan om heidene aan sy liggaam toe te voeg en so sy veelkleurige wysheid in die wêreld bekend te maak (Ef. 3:1-13). Ek wil vra dat jy Hom daarvoor prys en meer van Jesus begin verwag.

Die motiewe wat ek hoor hoekom mense by Living Hope wil aansluit, verras my. In die verlede het ek in Soshanguve dikwels die volgende gehoor: 'ons was lid van 'n NG Kerk, wat nou ver is. Hierdie kerk is naby'; 'kerke verskil, maar ons dien almal dieselfde God'; 'ek wil graag dat my kinders gedoop word.' Ons gaste vertel hoekom hulle na ons eredienste

terugkom en van hierdie gemeente deel wil word: 'Nou eers leer ek om die Bybel te verstaan!'; 'my vorige (Pinkster)kerk het maar net oor geld gepraat; hier hoor ons die evangelie van Jesus'. Dit is vir my verblydend dat mense verskeie raaksien en bly is met preke wat die Bybel uitleë en die betekenis op hulle lewens wys.

Ten slotte is ek verbaas oor die groei wat ek in die lidmate en vaste gaste waarneem. Ek voel self hierdie jaar gekortwiek omdat ek met uitbranding en depressie te kampe het. Ek kan baie minder doen as wat ek wou en wat nodig is. Juis in hierdie tyd groei die gemeente en is almal aktief en betrokke.

Die Here het vlugtelingen op ons pad geplaas en daardeur aan almal 'n gees van diensbaarheid gegee. 'n Vriend van een van ons lidmate het verbaas uitgeroep: 'Hoe kan 'n gemeente wat in 'n motorhuis vergader, drie gesinne ondersteun en vir hulle woonruimte huur?' Goed, ons het 'n bietjie hulp van buite, maar die Here het ons lidmate vrygewig gemaak. Dis hoekom. En die gemeente van Christus is nie 'n

'money-making business' nie soos baie van die gemeentes wat jy bv. in Sunnyside raakloop. Wonderlik. Dit is die werk van God. Ek is baie dankbaar. Dank God asseblief saam met ons!

Ds Dirk-Maurits Boersma



Die huwelik – Achilleshiel van die amp?

In Sy Diens

Wat is 'n achilleshiel?

Die Griekse mitologie vertel oor Achilles, 'n babatjie oor wie se lewe daar voorspel is dat hy jonk sou sterf. Om sy dood te voorkom, het sy ma (Thetis) hom geneem na die Styxrivier, waarvan die water skynbaar die krag gehad het om 'n mens teen gevare te beskerm. Sy het haar baba toe in hierdie rivier gedoop. Maar omdat sy Achilles aan sy hak (= hiel) vasgehou het, is sy hak nie in die wonderwaters ondergedompel nie. Achilles het opgegroeï en 'n sol-

daat geword en telkens elke veldslag oorleef. Maar op 'n dag het 'n giftige pyl hom in sy hak getref. Hy is toe kort daarna oorlede. Achilleshiel word daarom as 'n uitdrukking of spreekwoord gebruik om 'n swaakheid aan te dui, ten spyte van iemand se algehele krag. 'n Swaakheid wat uiteindelik tot sy val kan lei.

Nou is die vraag in hierdie artikel: is ampsdraers se huwelike nie dikwels 'n swaakheid in hulle – vir die res – kragtige bediening nie? Is dit nie 'n swak plek waar

die satan dit telkens regkry om hulle te laat struikel nie? Sal dit nie dalk beter wees vir ampsdraers om glad nie te trou nie? Geen huwelik... dan is daar ook geen gevaar dat hul huwelik op die rotse kan loop nie?

Of aan die ander kant kan die vraag gevra word: is die amp nie ook 'n achilleshiel vir die huwelik nie? Die amp neem al jou aande in beslag, wanneer jy van jou gesin af weg is... Die amp neem al jou emosionele energie in beslag. Kan 'n ampsdraer ooit en 'n goeie ampsdraer en 'n goeie eggenoot wees? Moet 'n mens nie nugter tot die gevolgtrekking kom dat amp en huwelik nie kan saamgaan nie?

Ampsdraers in die Bybel

Was die ampsdraers in die Bybel ooit getroud? Ja, maar die Bybel gee duidelike instruksies – 'n mens kan ook sê beperkings – met betrekking tot die huwelike van ampsdraers. Met as vernaamste rede dat die reputasie van God se volk (kerk) mede-afhanklik was van die ampsdraer se persoonlike lewe.

Daar is byvoorbeeld voorwaardes gestel vir die priesterhuwelike. Die hoëpriester moes 'n vrou in haar maagdelike staat neem, geen weduwee, of een wat verstoot of onteer is nie. Ook nie 'n hoer nie, maar 'n jongmeisie uit sy volksgenote moet hy as vrou neem (Lev. 21; Es. 44:22). In Levitikus 21:9 staan dat, as 'n priester se dogter hoerery bedryf, sy ook haar vader ontheilig. Dit veroorsaak ook 'n smet op haar vader se posisie as ampsdraer.

In die Nuwe Testament word ook voorwaardes gestel vir ampsdraers. Hy moet die man van een vrou wees, dus geen poligamie nie (1 Tim. 3:2 en 12).

Daar was baie voorbeelde van geseënde huwelike, maar hulle word nie almal genoem nie. Die uitsonderings, waar daar probleme was, trek dikwels die aandag:

Moses: sy skoonpa Jetro (Ex. 3:1) het Sippora en haar twee seuns na Moses teruggestuur nadat die volk uit Egipte uitgetrek het (Ex. 18). Moses het 'n Kusitiese (Ethiopiese) vrou geneem. Mirjam en Aäron het hom daarop aangespreek (Num. 12). Verwys hierdie Kusitiese vrou na Sippora of was dit iemand anders? Dit lyk of daar probleme in Moses se huwelik was.

Dawid: sy huwelikslewe was nie goed nie. Migal (Saul se dogter - 1 Sam. 18:20) het hom verag, so lyk dit (2 Sam. 6). Daarbenewens het Dawid nog ander vroue gehad: Abigail (1 Sam. 25), ens. Toe neem hy ook nog Batseba, nadat hy haar man Uriah vermoor het. Die profeet Natan se 'pastorale optrede' is in hierdie verband opmerklik.



Hy het 'n baie konfronterende aanpak gehad. Die feit dat Dawid se huwelik(e) nie gesond was nie, was geen verskoning nie. Natan het hom nie om daardie rede sagter behandel nie. Met alle risiko's vir hom as profeet (Dawid kon hom maklik laat doodmaak het), het hy Dawid gekonfronteer met die waarheid. Voel ons nie ook soms bang om verder te vra nie? Bang om te konfronteer? Bang vir die waarheid ... veral as dit oor vooraanstaande persone gaan?

Paulus: hy was waarskynlik 'n wewenaar. Sy adviese in 1 Korintiërs 7 het in die Roomse kerk gelei tot die selibaat (via Augustinus), vanuit die dualistiese denke (gnostiek) dat die liggaam (en die seksuele) deel van die sondige bestaan is. Iemand wat in diens van die Here staan, moet dit nie praktiseer nie. Dit is die domein van die satan. Dis net 'n noodsaaklike kwaad.

Die korrekte Skrifuitleg van die onderskeid tussen vlees en Gees is egter nie 'n teenstelling tussen liggaamlik en geestelik nie, maar tussen die ou mens en die nuwe mens, tussen die sondige opstand teen God van die ou mens en die nuwe mens wat 'n tempel van die Heilige Gees is. Dit is dus nie 'n teenstelling tussen seksueel aktief en asketies nie, maar 'n teenstelling tussen seksueel aktief volgens God se gebooe en 'n seksuele lewe wat nie in lyn met God se gebooe is nie.

Nikolaïete: ons lees oor hulle in Openbaring 2:6 & 15. Die leer van die Nikolaïete word vergelyk met die leer van Bileam, wat Balak aangespoor het om die volk van die Here te verlei tot die eet van afgodsoffers en om ontug te bedryf. Dit lyk of die sekte van die Nikolaïete tot in die derde eeu bestaan het. Hierdie sekte het self beweer dat hulle afkomstig was van Nikolaüs, een van die eerste sewe diakens (Handelinge 6:5). Nikolaüs sou skynbaar gesê het: 'n mens moet die vlees minag. Die sekte het hierdie uit-

spraak uitgelê in dié sin dat 'n mens die vlees moet misbruik. Die vlees het tog geen ewigheidswaarde nie, en jy kan maar doen daarmee wat jy wil. Dit het tot ontugtige situasies gelei – seksuele losbandigheid. Volgens Eusebius (vroeg-Christelike geskiedskrywer) het Nikolaüs 'n baie mooi vrou gehad.

Nikolaüs het haar egter beskikbaar gestel vir enigeen wat omgang met haar wou hê. In navolging hiervan het die sekte van die Nikolaïete 'n in seksuele opsig wêreldse en losbandige lewenstyl voorgestaan. Daarom word hul lewenswyse vergelyk met die leer van Bileam, naamlik dat die Christene verlei is om 'n seksueel ontugtige lewe te lei. Christus haat daardie leer en werke, volgens Openbaring 3:15.

Volgens Clemens van Alexandrië (waarna Eusebius ook verwys) het die Nikolaïete hulle oorsprong egter verkeerdelik teruggevoer op Nikolaüs, een van die eerste sewe diakens. Clemens skryf dat Nikolaüs sy vrou in die midde van die apostels gebring het, nie om haar aan almal aan te bied nie, maar juis om hulle aan te spreek op hul jaloesie en dat hulle haar moes uitlos. Met sy uitspraak dat 'n mens die vlees moet minag, het hy iets anders bedoel, naamlik dat 'n mens sondige seksuele lusgevoelens geen ruimte moet gee nie, jy moet baas daarvoor wees.

Dit bring 'n mens terug by die aanwysings van die apostel Paulus aan Timotheüs vir hulle wat in die amp staan: ampsdraers moet die man van een vrou wees (monogaam) en geen los seksuele kontakte hê nie. 'n Ampsdraer moet baas wees oor sy emosies, luste of verslawings, of dit nou seksueel is, of drank, of wat ook al.

Protestantse tradisie

In die Protestantse tradisie word hulle wat getroud is, ook tot die amp geroep. Soms was daar uitsonderlike gevalle, soos wanneer sendelinge uitgestuur is na verafgeleë, onherbergsame en gevaarlike gebiede. Hulle was ongetroud, nie omdat die huwelik as minderwaardig beskou is nie, maar as beskerming van die vrou as die swakker geslag. Dikwels het die sendelinge wel getrou na 'n aantal jare, wanneer die eerste pioniersfase verby was. 'n Mens kan dink aan die feit dat daar vroeër baie vroue gesterf het met die geboorte van hul eerste kind. As die geboorte in die boendes sou plaasvind waar daar geen enkele mediese hulp was nie, was hierdie risiko nog soveel groter.

Gevolgtrekking

Die huwelik is nie 'n noodsaaklike kwaad nie, maar 'n positiewe skeppingsordening van God met as doel om die Here as egpaar in 'n twee-eenheid te dien, 'n nageslag voort te bring, 'n veilige huis te skep vir kinders om op te groei, asook om hoerery en seksuele losbandigheid teen te gaan.

Die huwelik is nie 'n belemmering vir die amp nie, maar 'n verryking van die amp. Dit bied lewenservaring met betrekking tot die getroude lewe, met betrekking tot kinders. 'n Ampsdraer ontvang in sy vrou 'n kosbare klankbord. Twee staan sterker as een.

'n Mens kan die oorreaksie van die Roomse kerk verstaan, maar dit was nie 'n oplossing nie. In die selibaat was (en is) die lewenstyl naamlik geensins meer kuis nie. Dikwels was dit die omgekeerde. Calvyn skryf baie daaroor. Die selibaat is nie medisyne teen hoerery en ontug nie.

Openbare posisie van ampsdraers

Ons moet bly besef dat vir 'n ampsdraer geld dat nie net sy eie naam nie, maar ook dié van die kerk op die spel is. Die geloofwaardigheid van 'n ampsdraer word aangetas as sy eie huwelik nie in orde is nie. Tug oor ampsdraers is daarom strenger as oor ander lidmate (sien die Kerkorde). Die kerk se belange moet eerste kom. Anders dreig die gevaar van skeuring, en van spot en smaad van die kant van die wêreld.

Oproep aan mekaar

Laat ons leef vanuit die Evangelie. Moenie wêreldge-lykvormig raak nie. Kruisig jou sondige begeertes elke dag. Belê in jou eie huwelik. Spandeer genoeg tyd aan jou eie huwelik. Voorkoming is beter as genesing.

Verder moet die kerkraad nie die amptelike sorg oor die huwelike en gesinne van die ampsdraers vergeet nie. Elke ampsdraer het 'n belangrike taak na sy eie gesin toe. Verder het ouderlinge ook 'n taak na die ander ampsdraers en hul gesinne wat in sy wyk is.

Laat ons bewus wees van die gevare. Satan is besig om strikke te stel. Mans val dikwels vir mooi vroue. Vroue hou dikwels van mans wat mooi met hulle praat en aandag aan hulle skenk. Dit is presies wat 'n ampsdraer (behoort te) doen: met empatie pastorale sorg verleen. Maar die satan kan dit misbruik om 'n strik te stel. 'n Gesonde gewoonte is daarom om pastorale besoeke aan 'n alleenstaande vrou (ongetroud, geskei, weduwee) nie alleen te doen nie. Neem 'n

ander ampsdraer saam, of neem jou eie vrou saam.

Is die huwelik die achilleshiel van die amp?

In Roomse tradisie: ja. Dit is iets wat by die aarde behoort en nie by die hemel nie. In Protestantse tradisie bely ons dat huwelik en seksualiteit heilig is, as dit volgens God se Woord ingeklee word. Die hu-

welik is juis die instrument waar seksualiteit die regte invulling kry. Dus nie 'n achilleshiel nie.

Ds PG Boon, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata

(Hierdie artikel is gehou as 'n lesing op die ampsdraerskonferensie 2015)

Alternatiewe nagmaalsformulier

Leer en Lewe

Die VGK-kerkverband is in 'n proses om die taalgebruik van al ons formuliere te hersien. Die sinode van 2011 het *Deputate Hersiening Formuliere en Gebede* opdrag gegee om ook te kyk wat die GKSA-kerke in hierdie verband doen. Deputate rapporteer toe aan die sinode van 2014 dat die deputate van die GKSA in opdrag van hulle sinode 'n alternatiewe nagmaalsformulier ontwerp het met klem op die aksente van Calvyn. In hierdie Formulier val die klem op die wonderlike gemeenskap met die lewende Christus, waardeur Hy as Gasheer aan die tafel ons deur die Heilige Gees werklik met Homself voed (vgl NGB, art 35). Hierdie nagmaals-formulier is deur GKSA-deputate uit Nederlands vertaal. Die sinode van die VGK 2014 het geoordeel dat hierdie formulier 'n welkome aanvulling is op die twee bestaande nagmaalsformuliere en het hierdie formulier vrygegee vir gebruik in die VGK-kerke. Die kerkrade moet by die ratifisering van die sinodebesluite kyk hoe hulle hierdie nuwe nagmaalsformulier wil gebruik.

Die Kompas-redaksie het gedink dat dit goed sal wees om hierdie alternatiewe nagmaalsformulier hier af te druk, sodat almal daarvan kennis kan neem.

Formulier met klem op die aksente van Calvyn

Die viering van die gemeenskap met die lewende Christus

Instelling

Gemeente van ons Here Jesus Christus. Die nagmaal is deur ons Verlosser self ingestel.

Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom. Hy sê toe vir hulle: "Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly. Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie." Daarna neem Hy

'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: "Neem dit en gee dit vir mekaar aan. Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie." Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: "Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis." Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word." (Luk. 22:14-20).

Gedagtenis

In gehoorsaamheid aan die woorde van Christus: "Gebruik dit tot my gedagtenis" herdenk ons met die gebruik van die nagmaal dat Jesus Christus ooreenkomstig God se belofte deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is. Die Here Jesus het Homself as 'n offer gegee vir ons wat sondaars is. Met blydschap bely ons dat ons lewe in sy dood berus. Ons dank ons getroue Heiland wat as Goeie Herder sy lewe vir sy skape afgelê het en verbly ons in die Goddelike geheimenis:

As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlijkheid is Hy opgeneem. (1 Tim. 3:16).

Gesindheid en versekering

Die groot geskenk van God se genade in Christus spoor ons aan om vanweë ons sonde 'n afkeer in onself te hê en ons voor God te verootmoedig. Met blydschap en dankbaarheid gryp ons vas aan die versekering dat al ons sondes vergewe is op grond van die lyde en sterwe van Jesus Christus ons Here en Heiland. Sy volkome geregtigheid is ons toegereken en geskenk. Ons kom daarom met ons hande uitgestrek na die oorfloedige Gewer, as siekes na die Geneesheer, as sondaars na die Wer-

ker van geregtigheid, as dooies na Hom wat lewend maak. Christus is die enigste voedsel van ons siele. Daarom nooi die hemelse Vader ons uit om deur deelname aan die nagmaal aan Hom verkwik te word en nuwe krag uit Hom te put totdat ons die hemelse onsterflikheid bereik. Die onmiskenbare tekens en seëls van die brood en wyn verseker ons van Christus se hartlike liefde en trou. Ons kan weet dat Hy in ons alles werk wat in die tekens aan ons voorgehou word, en dat Hy inderdaad vir ons die Brood van die lewe is.

Gemeenskap

Die seëninge van die nagmaal word net so seker aan ons gegee asof ons Christus self in die nagmaal sien en aanraak. Die brood en wyn betuig en beseël aan ons dat Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet, asof dit in murg en been indring. Wanneer die brood as teken aan ons gegee word, moet ons dadelik aan die ooreenkoms dink: Soos die brood die lewe van ons liggaam voed, onderhou en beskerm, so is die liggaam van Christus die enigste voedsel om ons siele te voed en lewendig te maak. Wanneer die wyn as teken van die bloed van Christus aan ons voorgesit word, moet ons onthou dat die bloed van Christus ons koester, verkwik, versterk en met blydschap vul. Dit doen Christus nie deur bloot 'n teken aan ons voor te hou nie, maar Hy volbring dit deur die Gees wat Hy beloof. Deur die Gees laat Christus ons in sy gemeenskap lewe, sodat ons met die apostel mag sê: *ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe* (Gal. 2:19-20). Hy maak van ons lote aan Hom, die Hemelse Wynstok, sodat ons vir Hom vrugte kan dra. Deur dieselfde Gees verbind Hy ons aan mekaar in egte liefde as lede van een liggaam. *Want dit is immers aan tafel saam met Christus waar sy bevel tot ons kom: "Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet"* (Joh. 15:12).

Soos brood saamgestel is uit baie korrels wat so met mekaar vermeng is dat die een nie van die ander onderskei kan word nie, so betaam dit ons om so eengesind en verbind aan mekaar te wees dat daar

geen tweedrag of skeiding onder ons mag voorkom nie. Jesus waarsku ons immers: "Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde" (Matt. 12:25). Terwyl ons aan die tafel die heerlike teenwoordigheid van Jesus Christus deur sy Woord en Gees ervaar, dink ons weer aan die bevel van Jesus: Dit is my opdrag: *Julle moet mekaar liefhê soos ek julle liefhet* (Joh. 15:12).

Verwagting

Die apostel Paulus plaas die nagmaal binne die perspektief van Christus se wederkoms wanneer hy sê: *Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom* (1 Kor. 11:26). Wanneer ons die nagmaal vier, ervaar ons die vreugde om deel te hê aan die nuwe verbond in Christus se bloed. Ons dank die Vader dat ons die verlossing waarvan die profete geprofeteer het, mag ken. Tegelyk sien ons met die viering van die nagmaal uit na die verskyning van ons Verlosser in heerlijkheid en die ewige huweliksfees waartydens ons vol vreugde saam met Hom die nuwe wyn sal drink in die koninkryk van sy Vader. Met groot blydschap bid ons saam met God se kerk: *Amen! Kom, Here Jesus!* (Op. 22:20).

Gebed

Barmhartige God en Vader, ons wil nou met hierdie nagmaal die heerlike gemeenskap met u geliefde Seun Jesus Christus vier. Ons bid U: Stuur ons u lewendmakende Gees, sodat ons gevoed kan word met die ware brood uit die hemel wat die ewige lewe skenk. Amen.

Lied

(bv. Sb 17-2)

Hartverheffing

Laat ons ons harte omhoog hef na Christus waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Kom almal met blydschap en eensgesindheid na die tafel van die Here toe. Dank Hom vir sy groot liefde wat Hy aan ons betoon het toe Hy homself as offer vir ons oorgegee het, en wat Hy steeds betoon deur al sy weldade aan ons te skenk.



Die redaksie wens al die lesers
'n geseënde Christusfees toe.

Orgaanskenking

Medies



Is jy een van dié wat elke 6 weke by die bloedbank 'n draai maak om met jou geskenkte bloed 'n lewe te red? Het jy

die plakkaat 'you can save seven lives – become an organ donor' by die bloedbank of elders al ooit raakgesien? Hoe dink jy hieroor – is jy bereid om nie net jou bloed nie, maar jou hart, niere of longe vir iemand anders te gee?

Klink dit vir jou vreemd? Dit is 'n realiteit vir ongeveer 4 300 mense in ons land. Dit is nie iets waaraan jy eers moet dink wanneer jy in die herfs of winter van jou lewe te staan kom nie. Orgaanskenking is vir die jonges, fikses en gesondes onder ons!

Christiaan Barnard mag dalk bekend staan as die dokter wat die eerste hartoorplanting (1967) gedoen het, maar in werklikheid is hy voorgegaan deur vele ander. In die jaar 1954 is die eerste suksesvolle nieroorplanting gedoen tussen 'n identiese tweeling. En die eerste veloorplanting is in 1823 gedoen. Vandag word daar tot gesigoorplantings gedoen.

Wanneer jy 'n pasiënt in 'n dialise-eenheid sou benader, dan word 'n mens deeglik bewus van jou eie seëninge. Die deursnee dialise-pasiënt moet dikwels 3 of 4 dae per week by die hospitaal deurbring en vir ongeveer 4 ure aan 'n masjien gekoppel wees. 'n Dialise-masjien doen dit wat ons niere vir ons 24/7 doen: suiwering van ons bloed en verwydering van afvalprodukte uit die liggaam. Hierdie pasiënte se lewe bestaan dikwels uit hope bekommernisse oor hul gesondheid. Hulle spandeer nie net baie tyd in die hospitaal nie, maar die tyd wat hulle by die huis spandeer, word ook gekenmerk deur swakheid en ongemak. Die hoop wat 'n orgaan-skenking vir so iemand bied, is onnoemlik groot. En tog staan hierdie hoop in skelle kontras met 'n lang lys van duisendes wat wag op die uitkoms van 'n nuwe orgaan.

'n Roekelose losbandige leefstyl mag dalk baie mense se organe vernietig en hulle op so 'n manier op die waglys vir 'n orgaan laat beland, maar wie

is ons om die oordeel te vel? Hierdie lang lys sluit nie alleen volwassenes in nie, maar ook kinders en babas wat orgaanversaking het as gevolg van genetiese afwykings of chroniese siektes. Hoe dit ook al sy, die nood is groot: wil jy jou organe skenk? 'n Pasiënt se posisie op die waglys word deur hul ouderdom, mediese dringendheid, ander gesondheidsfaktore, lokasie en wagtydperk bepaal. Daar is 'n waglys vir al die verskillende oorplantbare organe. Nie alleen jou niere, lewer en longe nie, maar ook jou hart, kornea, ingewande en pankreas kan jy aan iemand skenk.

Behalwe vir die voor-die-hand-liggende etiese vrae wat orgaanskenking oproep, is daar ook baie emosies betrokke wanneer jy 'n orgaanskenker word. Dit is as gevolg van die omstandighede waarin jy jouself sal bevind wanneer jy 'n orgaanskenker is. Die enigste manier hoe jy sonder hierdie belangrike organe kan klaarkom, is om dood te wees. Jy is dood, maar jou organe moet nog lewe. Met ander woorde: jy is breindood.

Dokters klassifiseer 'n pasiënt as breindood na 'n stel toetse wat die basiese breinfunksie bepaal. Die situasie is meestal as volg: 'n Jong persoon kom in die hospitaal met 'n geskiedenis van 'n hoofbesering of beroerte. Hulle kan manifesteer op 'n koma of 'n verlaagde vlak van bewustheid. Die persoon is nog lewendig, maar nie in staat om self 'n oop lugweg te behou nie en hy word dus aan 'n ventilator gekoppel. Die ventilator verskaf suurstof aan die longe en die longe en bloed op hulle beurt verskaf weer suurstof aan die organe. Organe sal lewend bly solank dit van suurstofryke bloed voorsien word. Die brein daarenteen mag dalk reeds soveel skade hê – hetsy dit van 'n te lang periode van suurstoftekort is (bv. by verdrinking) of van ernstige skade as gevolg van bloeding op die brein (beroerte) – dat dit brein geen tekens van lewe meer toon nie. Die tekens van lewe waarvolgens twee onafhanklike dokters oor 'n periode jou brein dood verklaar, is as volg:

- Jou pupille is groot en verander nie met enige ligstimulasie nie.
- Jy knipper nie met jou oog as iemand met 'n stukkie watte oor jou oogbal vee nie.
- As iemand yskoue water in jou ore spuit, beweeg

jou oë geensins.

- Daar is geen spontane aksie tot asemhaling wanneer jy vir 'n tydjie van die ventilator afgehaal word nie.





















Hierdie toetse word saam in ooreenstemming met ander neurologiese toetse gedoen en ook dikwels opgevolg met 'n EEG. 'n EEG is 'n grafiese voorstelling van aktiwiteit in jou brein oor 'n bepaalde tyd. As daar enige aktiwiteit van selle (m.a.w. lewe) in jou brein is, sal 'n EEG dit weergee in 'n bepaalde golfpatroon. 'n Spesialis sal die EEG interpreteer en kan vasstel of jy in 'n koma is of dood is.

Sodra jy breindood verklaar word, begin die etiese vrae in jou familie se gedagtes opkom. Die mediese personeel sal hulle bes doen om die vreemde situasie vir jou familie te verduidelik. Op die oog af lyk dit asof jy net in 'n koma is. Jy is warm, jou velkleur is nog dieselfde, die monitor langs jou bed wys dat jou liggaam nog lewe ... maar jy is dood. Dis 'n uiters kontrasterende geval wat nie alleen vir die familie

moeilik is nie, maar ook vir die personeel. 'n Breindood pasiënt kan soms nog presenteer met bepaalde liggaamlike bewegings, soos om op 'n pynstimulus te reageer. Die mediese redes hiervoor het te doen met hoe wonderlik ons liggame geskape is. Bepaalde reflekse (soos die pyn-refleks of jou knie-refleks) se senuwees is net gekonnekteer aan jou rugstring en benodig dus geen insette van die brein nie. Die werking van die verskillende senuweestelsels en hoe dit getuig van die Here se wysheid, is iets wat ek ongelukkig nie in hierdie artikel kan bespreek nie.

Die situasie is egter bitter duidelik: jou familie word gevra om te aanvaar dat jy dood is. Dit is vir die nie-mediese oog 'n onverstaanbare kwessie. Na hierdie skok kom 'n tweede skok: die hospitaalpersoneel probeer taktvol maar tog deurdringend aan jou familie meedeel dat mediese versorging van jou onttrek moet word (daar is geen nut om 'n dooie mens se liggaam aan die lewe te hou nie). Die onttrekking van bepaalde mediese hulpmiddels gaan seker maak dat nie alleen jou brein nie, maar ook jou liggaam sal sterf.

DIT KAN JY SKENK

TERWYL JY LEEF	NÁ JOU DOOD
 BLOED	 VEL
 BEENMURG	 LIGAMENTE
 'N NIER	 BEEN
 DEEL VAN 'N LEWER AAN 'N FAMILIELID	 1 LEWER
 HARTKLEPPE	 1 PANKREAS
 KORNEAS	 2 LONGE
 'n Ouer kan 'n deel van hul lewer aan hul kind skenk. Een volwasse- ne se lewer kan vir twee kinders gebruik word.	 1 HART
 As een mens bogenoemde skenk, kan die lewensgehalte van 50 mense verbeter.	 2 LONGE
 As een mens bogenoemde skenk, kan sewe lewens gered word.	 1 LEWER
	 1 PANKREAS
	 2 NIERE

Die gedagte dat so 'n gesonde liggaam net moet sterf, staan in groot kontras met die lewe wat die liggaam toon. Dit is in hierdie situasies waar familie nou met 'n derde skok gekonfronteer word: die moontlikheid van orgaanskenking. As jy 'n orgaanskenker word, sal daar voortdurende mediese sorg aan jou liggaam voorsien word totdat jou liggaam op die operasietafel lê en die organe een vir een op 'n netjiese manier uit jou liggaam geneem word. Die mediese personeel is met 'n eed daaraan verbonde dat die dooie mens se liggaam met respek hanteer sal word. Jou liggaam word dus nie geruk en gepluk nie, maar die dokters gaan netjies en versigtig te werk om die organe te bekom. As enige iemand jou liggaam na die operasie weer wil sien, sal daar net verskeie klein snye wees, jy sal nie verinnuweer daar uitsien nie.

Soos ek vroeër in die artikel genoem het, is daar 'n klomp etiese vrae verbonde aan orgaanskenking. Christene mag dalk wonder of dit die regte manier is om met die tempel van die Heilige Gees om te gaan. Dalk wonder hulle of die dokters 'n onpartydige besluit gemaak het toe jy breindood verklaar is. Of wat sal van jou liggaam word wanneer die opstanding plaasvind? Die doel is nie om elkeen van hierdie vrae te probeer beantwoord nie, maar wel om jou stof tot nadenke te gee oor die vraag waarvoor ons almal te staan kom: sal jou dood beteken dat 'n ander weer kan lewe?

Die vraag klink baie eerbaar. Dit is ook die bedoeling om jou gedagtes na Jesus se offer te lei. Hy het sy liggaam as 'n offer geskenk sodat ek en jy kan lewe. Jesus het gesê: "Ek het julle

'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." (Joh. 13:15) Daar is ook baie meer tekste wat ek sou kon aanhaal oor ons opdrag om ander mense lief te hê en ons lewe vir ander op te offer.

Daar is beslis nie 'n duidelike antwoord op orgaan-skenking nie; dit hang van jou eie motivering af. Die beste wat jy kan doen, is om nou reeds klarigheid te kry en 'n besluit te maak daarvoor of jy bereid sou wees om jou organe te skenk. Deel die besluit met jou familie. In elk geval sal hulle dan nie 'n moeilike keuse in 'n breindood-situasie hoef te maak nie. As jy dalk weer op 'n afspraak met jou kêrel of man, meisie of vrou is, vra hulle opinie oor hierdie vraag. Dit is dalk effens morbied, maar dit is 'n goeie gesprekspunt en jy sal meer insig kry oor hoe hulle oor die term 'lewe' dink.

Ek staan verstom oor hoe mooi ons liggaam gemaak is en dat God dalk die geleentheid vir ander gun om met jou hart of kornea na die lewe te kyk. As die Here jou gedagtes so sou lei dat jy 'ja' sê vir orgaan-skenking, mag Hy dan ook gee dat die regte persoon die geleentheid mag kry om nog 'n langer tydjie genade hier op aarde te beleef!

Hoewel die omstandighede rondom 'n orgaanskenking onaangenaam is, wil ek jou tog vra om die pragtige mediese wetenskap in oënskou te neem. Daar is hoop vir 'n vrou wat swanger is en breindood verklaar word. Mits haar ongebore babatjie alreeds oor 'n bepaalde ouderdom is, kan haar liggaam aan die lewe gehou word om op die regte tyd ook hierdie babatjie deur 'n keisersnit in die lewe te bring.

Met hierdie ongelooflike mediese vooruitgang sal ons nog dikwels voor baie etiese vrae te staan kom. Laat ons hierdie vrae gebruik om dankbaar te wees dat ons liggaam so goed geskape is om ons soveel mediese geleenthede te gee. Laat ons nadink oor die vrae en nie 'n dowe oor draai nie. Hierdie vrae is beproewend vir ons geloof en ons weet dat die beproewing van ons geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerking kom, sodat ons volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie.

Vir enige verdere inligting besoek gerus: <https://www.odf.org.za>.

ORGAN DONOR
FOUNDATION



Tirsa van den Berg is 'n geregistreerde verpleegkundige en werk in 'n intensiewe sorg-eenheid. Sy is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria.

Onlangse statistieke vir SA 2013

'n Totaal van 566 orgaan- en kornea-oorplantings is gedoen

- Hart: 25 volwassenes
- Longe: 7 volwassenes
- Lewer: 37 volwassenes, 2 adolessente, 16 kinders
- Lewer en nier: 1 volwassene, 1 kind
- Niere: 222 volwassenes, 4 adolessente, 3 kinders (84 niere was 'n skenking van 'n lewendige verwant)
- Pankreas: 4 volwassenes
- Pankreas en nier: 6 volwassenes
- 231 volwassenes, adolessente en kinders het kornea-oorplantings gekry

★ UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE

BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA **08600-COFFEE**

Gastewoonstel – La Cotte Inn

Bellville-omgewing, Goed geleë
Slaapplek vir 2/3 persone
Rolstoelvriendelik

Alle geriewe, naby winkelsentrums,
hoofpaaie en die Kaapse strande.

Kontak: Jan/Ina van Alten

Tel: 021 919 1597 Sel: 073 265 2440

E-pos: magdalena@mweb.co.za

Herbedraad jou brein ...

... en bekamp die sonde

Leer en Lewe

Heelwat huise brand af weens 'n elektriese kortsluiting. Veral ou of swak bedrade huise. Iets soortgelyks gebeur met mense wie se breine verkeerd bedraad is. Dit vereis dan herbedrading.

Studies van hoe die brein werk, is tans hoog in die mode. Talle boeke verskyn daarvoor. Hoewel baie verskillende navorsingsresultate en menings daarvoor bestaan, staan die volgende vas: Elke gedagte wat ons dink, elke ding wat ons doen en veral elke gewoonte wat ons aanleer, maak paadjies in ons brein. Dit is hoekom 'n gewoonte is wat dit is: iets wat vir eers moeilik of selfs onmoontlik was, word geleidelik 'n gewoonte hoe meer jy dit beoefen; dit word by wyse van spreke 'n tweede natuur.

Iets in die brein, neurologies, het dan verander. En dit kan fisiese gevolge hê. 'n Bekende voorbeeld is van 'n kind wat van jongs af aan so baie geoefen het om viool te speel, dat die vingers van sy linkerhand langer as die vingers van sy regterhand geword het. 'n Nog bekender voorbeeld is van 'n jong mense wat so intensief 'n sport beoefen dat die betrokke liggaamsdele buitengewoon sterk word.

Baie gewoontes lei tot fisiese veranderings, hoewel dit nie noodwendig sigbaar is nie. Indien jy God se Woord gereeld lees en bestudeer en in jou lewe toepas, dan kan jy verwag dat nie net jou brein verander nie, maar jou hele persoon. Soos Paulus dit in Kolossense 3:10 stel: "... en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper ..." Jou brein raak geleidelik herbedraad!


Sondige gewoontes sal jou brein fisies beïnvloed. So het William Struthers in sy boek, *Wired for Intimacy. How pornography hijacks the male brain*, aangetoon dat die gewoonte om na pornografiese prente te kyk, lei tot neurologiese paadjies. Soos paadjies wat in die veld gevorm word deurdat mens of dier gereeld daarvoor stap. En hoe meer die paadjie platgetrap word, hoe breër word dit. Hoe meer jy na pornografiese prente kyk, hoe makliker en aantrekliker – en outomatieser – word dit om daarop te loop. Die paadjie raak

geanker in jou brein, en jy sal al hoe makliker van die paadjie gebruik maak sodra jy iets sien of meemaak wat op die paadjie pas. Die gevolg is dat jy vroue (of mans) nie meer sien soos God hulle gesien wil hê nie, maar soos jou pornografiese paadjie dit vir jou uitstippel.

'n Ander voorbeeld: Vir baie mense het dit gewoonte ('normaal') geword om op Sondag te reis of dinge te gaan koop. Waar dit vroeër nie 'normaal' was nie, want dit is nie soos wat die (Bybelse) gewoonte was nie, het dit nou in mense se breine 'normaal' geword. Die paadjie is gevorm. 'n Sondige paadjie het 'n 'normale' paadjie geword. Die brein is herbedraad.

Nog 'n voorbeeld: Daaglik word ons op allerlei maniere – TV en radio, koerante en tydskrifte – bestook deur wat die ongelowige wêreld as 'normaal' beskou, of dit homoseksualisme, materialisme, hedonisme, egskedings, ongeloof of wat ook al is. Terwyl die Bybel leer dat dit alles sekerlik nie normaal is nie.

So 'n paadjie kan 'n diep kloof word waaruit ontsnapping daarvan moeilik of selfs onmoontlik lyk. Is daar uitkoms? Deur God se genade en verlossing



is dit wel moontlik om sondige paadjies te vermy of te verlaat. Maar dan moet jy jou neurologiese vloei van gedagtes bewustelik herkanaliseer in die rigting van nie-sondige denke, en die regte pad ontwikkel. Dan word dit die normale gewoonte. Dit is die proses van toewyding en heiligmaking.

Van nature is alle mense sondig. Hulle word so gebore. Daarom moet die proses van herbedrading van geboorte af begin. Goeie gewoontes moet gevorm word, onder meer deur die voorbeeld van die ouers, die manier waarop hulle en jy lewe. Ook die gewoontes wat in jou brein vorm, die prioriteite wat jy vir jouself stel en die denke wat tot besluite lei.

In Romeine 12:1-2 staan: “Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel tot as ‘n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdiens. En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.”

“Jul liggame stel” sluit in die herbedrading van jou brein. Jou liggaam, ook jou brein, is ‘n tempel van die Heilige Gees. Ook jou brein is eiendom van God en behoort nie aan jouself nie (1 Kor. 6:19, Matt. 22:37).

Maar hoe herbedraad jy jou brein? Uit jouself kan jy dit nie doen nie. Bid met Psalm 89:11: “Leer my, Here, u weg: ek sal in u waarheid wandel; verenig my hart tot die vrees van u Naam.” Dit is ‘n hart wat geheel en al toegewyd is aan God en sy waarheid. So ‘n gebed sal God sekerlik verhoor.

Natuurlik het elkeen ook sy eie verantwoordelijkheid.

So wyd soos die Wêreld

Beknopte Sendingsgeskiedenis deur JW Meijer

Boekresensie

Indien u maandeliks ingeteken is op Kyknet of BVN of DSTV, raai ek u aan om dit, indien moontlik, vir die komende maande te kanselleer. Die boek wat ek in hierdie artikel aan u voorstel, sal u deur die Desember-vakansie kan besighou. Eintlik is dit met 450 bladsye ‘n dun boek, as ‘n mens in gedagte hou dat dit die hele wêreld se sendingsgeskiedenis probeer beskryf. Dr Jan W. Meijer, alreeds bekend vir sy vierdelige kerkgeskiedenis-handboek *Tussen Hamer en Aambeeld*, voeg ‘n indrukwekkende boek aan sy oevre toe: *So Wyd soos die Wêreld. Kort oorsig van die geskiedenis van die verspreiding van die Christendom*.

Meijer neem ons in voëlvlug deur twintig eeue sendingsgeskiedenis, van Japan in die verre Ooste tot Hawaiï in die verre Weste, van die Lappe in die verre Noorde tot Nieu-Seeland se Maori’s in die verre Suide. Dit is uiteraard onmoontlik om eerstehandse kennis vanuit primêre bronne oor so ‘n omvang-

“Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die heiligmaking in die vrees van God volbring” (2 Kor. 7:1). God maak dan van ons nuwe skepsels. “Daarom dan, as iemand in Christus is, is hy ‘n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk dit het alles nuut geword” (2 Kor. 5:17). Dit sluit die herbedrading van die brein sekerlik in.

Leer my Heer, u regte weë,
wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.

Ps. 25:2 (berym, Totius)

Rob van der Kooy, lidmaat van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar

(Gebaseer op ‘n artikel deur prof. C. van Dam, emeritus-professor Ou Testament van die Canadian Reformed Theological Seminary. Uit: *Una Sancta, Free Reformed Churches of Australia*, 18 April 2015)

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:
12 Januarie 2016

Artikels moet gestuur word na:
kompas@vgk.org.za



ryke onderwerp te hê. Meijer steun daarom sterk op sekondêre bronne. Waardevol is egter wel dat dit volgens my die eerste keer is dat so 'n tegelyk uitgebreide maar ook beknopte sendingsgeskiedenis in Afrikaans verskyn. Dit is by uitstek geskik om te gebruik as handboek op skool, katkisasie, vereniging en, soos ek hierbo genoem het, vir enigeen om tydens die somervakansie onder die indruk te kom van Christus se kerkvergaderende werk – wat daar alles al deur die eeue gebeur het!

Wat Meijer se boek ekstra waardevol maak, is dat hy nie net beskryf nie, maar ook evalueer. So word die Roomse missie met sy neiging tot akkommodasie en sinkretisme krities onder die loep geneem. Tog gooi die kritiese evaluasie nie die kind met die badwater



weg nie. Die sendingsgeskiedenis bewys ook hoeveel skade naamchristene deur die eeue veroorsaak het. Kritiek op byvoorbeeld

die VOC, die handelsmaatskappy van 'n 'Christelike' nasie, loop soos 'n rooi draad deur die boek. Hier in Suid-Afrika ken ons dalk die mooi woorde uit die voorgeskrewe gebed van Jan van Riebeeck by sy aankoms aan die Kaap die Goeie Hoop. Maar dit is 'n feit dat die verspreiding van die Evangelie dikwels deur handelsbelange belemmer is. 'n Swart bladsy uit die VOC se geskiedenis was hulle handelsvennootskap met Japan. Die Portugees-Roomse missie was al sedert die 16de eeu in Japan aktief. Hierdie missie was suksesvol, waarskynlik as gevolg van groot onderlinge politieke verdeeldheid in Japan. Maar toe die sentrale gesag herstel is, het die vyandskap teen die Portugese toegeneem en tot die vervolging van Christene gelei. In hierdie tyd wou die VOC graag die rol as Japan se Westerse handelsvennoot by Portugal oorneem. Hulle het Japan se vyandskap teen die Portugese gedeel en geen poging aangewend om die vervolgte Christene by te staan nie. Hulle was selfs bereid om aan Japan se eise vir hulle handelskolonie te voldoen, naamlik dat Bybels, Psalmboeke en Christelike ornamente verbode was. Die Sondag mog ook nie gevier word nie en sending was streng verbode. Die VOC het, ter wille van die baie lukratiewe handel, hierdie bevel gehoorsaam. 'n Soortgelyke voorval was toe in 1815 die Britse

Oos-Indiese handelsmaatskappy vir Morrison as tolk ontslaan het, omdat hy die Bybel in Chinees vertaal het. Dit sou skadelik wees vir hulle handelsbelange!

Wat ook soos 'n rooi draad deur die sendingsgeskiedenis loop, is die ou feit dat die bloed van die martelare die saad van die kerk is. Meijer se boek bied soveel aangrypende verhale, dit is vir my amper onmoontlik om enkeles daaruit te kies ter illustrasie. Dié wat ek hier noem, is moontlik nog nie die indrukwekkendste nie, maar net om u aan te moedig om die boek self te lees.

Die grootste aantal martelare het in die 19de en 20ste eeu gesterf.

- Die belovende sendingswerk op Taiwan het in 1662 tot 'n tragiese einde gekom. Vlugtende rebelle het van die vasteland na Taiwan gekom. Onder aanvoering van hulle leier, Kok Sengla, is Fort Zeelandia verower. Die inwoners is wel vrye aftog verleen, maar vooraf is 'n aantal gevange Hollanders gedood, onder wie die predikante Hambroeck, Mus en Winsen. Hulle vroue en kinders is ontvoer en daar is nooit weer iets van hulle verneem nie (p.130).
- Tydens die sogenaamde Bokseropstand in 1900 is talle sendelinge met hulle vroue en kinders in China onthoof. Presiese getalle is nie bekend nie, maar algemeen word aanvaar dat tussen 250 en 300 sendelinge en 32 000 Chinese Christene 'n martelaarsdood gesterf het. Miskien was dit die grootste slagting in die hele martelaarsgeskiedenis (p.248). Dit was die begin van 'n nuwe eeu waarin die sending in China weer 'n baie moeilike paadjie sou stap. Van die ruim 8 000 Protestantse sendelinge in 1925 was daar in 1949 nog maar die helfte oor. Die nuwe kommunistiese regering het begin met die vervolging van Christene en die verbanning van buitelandse sendelinge. Die Bamboesgordyn het gesak.
- Die boek bied ook talle voorbeelde van martelare op die Afrika-kontinent.

Uiteraard is daar ook vele voorbeelde van eiesinnige sendelinge wat hulle eie koninkrykies probeer bou het. 'n Tragiese voorbeeld is Allen Francis Gardiner. Na sy bekering het hy ontslag geneem uit die Britse vloot om hom aan sending te kon wy. Sy eerste poging was in Natal waar hy in 1835 aangekom het. Na die moord van Dingaan op Retief en sy geselskap het

die gebied vir alle blankes gevaarlik geword en dus verlaat Gardiner Suid-Afrika. Vervolgens rig hy sy eie sendingsgenootskap op: die Patagonian Missionary Society. Hy vertrek met 'n groep van ses medewerkers per skip na Vuurland, die suidelikste puntjie van die Suid-Amerikaanse vasteland. Hulle word daar afgelaai met voorrade vir omtrent 'n half jaar en die belofte dat nuwe voorrade oor ses maande gebring sal word. Die belofte is egter nooit uitgevoer nie en die sewe mans sterf 'n uitputtingsdood. In 1859 het 'n nuwe groep van agt sendelinge op Vuurland geland, maar hulle is by aankoms vermoor. Latere pogings was meer suksesvol en toe is ook die dagboek van Gardiner teruggevind waardeur die droewige lot van sy poging bekend geword het. Meijer skryf dan: soos in meerdere vergelykbare gevalle heg Gardiner 'n geweldige betekenis aan sy persoonlik gevoelde roeping. Daarvoor moes alles wyk. Soos so dikwels, is die ondeurdagte geesdrif en misplaaste geloofsvertroue nie verantwoord nie. Vryskutsending moet afgekeur word. Geen mens is in staat om sonder (bege)leiding vrugbaar sendingwerk te kan doen nie.

Die sendingsgeskiedenis bewys hoeveel skade naamchristene deur die eeue veroorsaak het.

Nog iets wat baie opvallend is aan Meijer se boek, is dat hy 9 van die 19 hoofstukke wy aan die 19de eeu. Normaalweg werk dit so dat geskiedskrywers meer te sê het oor die onlangse geskiedenis as dit wat in die verre vergetelheid lê. Tog is daar 'n inhoudelike rede hiervoor. Die 19de eeu staan naamlik bekend as die Groot Sendingseeu. Meijer se boek bewys dat hierdie benaming volkome tereg is. Al die sendelinge, sendingsgenootskappe en voorbidders op die tuisfront wat daar in die 19de eeu was, is verstommend. Ook laat Meijer se boek sien dat martelare, meer spesifiek sendelinge en jong-bekeerdes wat vir hulle geloof moes sterf, nie net iets uit die tyd van die vroeë kerk was nie. Intendeel, die grootste aantal martelare het in die 19de en 20ste eeu gesterf.

Meijer skenk uiteraard ook aandag aan die Suid-Afrikaanse sendingsgeskiedenis. Wanneer hy besig is met die geskiedenis wat vir ons meer bekend is, kom 'n mens onwillekeurig ook die nadele agter van die feit dat hy met voëlvlugvaart deur die geskiedenis trek. Verskeie belangrike gebeurtenisse, persone en plekke in Suid-Afrika se sendingsgeskiedenis kom nie

aan die orde nie. 'n Mens kan dink aan Genadendal, wat eintlik nie aan die orde kom nie. Genadendal was die eerste sendingstasie in die land en die wieg van die verdere sending in Suid-Afrika. Dit wat Meijer wel noem, is uiteraard ook waardevol, soos Robert Moffat se werk by Kuruman en sy vertaling van die Bybel in Tswana.



Dit is ook opvallend dat Meijer geen aandag skenk aan die sending van die afgelope vyftig plus jare, waaraan die kerke waarvan hy lid is, deelgeneem het nie. Juis in 'n tyd waarin die deur hom tereg bekritiseerde ontwikkeling op gang gekom het van dialoog pleks van sending, en van 'n social gospel ten koste van sending, het die Vrye Gereformeerde Kerke, in samewerking met hulle Nederlandse susterkerke, wel voortgegaan met ware sending. Sou hy dit uit beskeidenheid nie genoem het nie? Of sal toekomstige generasies hom tipeer as 'n kind van sy tyd wat, net soos baie in die opkomende geslag, die uniekheid van die Gereformeerde-vrygemaakte tradisie nie meer waardeer het nie, maar verlang het na die breër (vlak en troebel) Protestantse en Roomse vaarwaters? Gelukkig weet ek dat dit by Meijer nie die geval is nie.

Al is 'ons' township-sending op wêreldskaal dalk minder as 'n druppel in die emmer, tog is dit juis om bogenoemde rede die moeite werd om vermeld te word, juis as 'n voorbeeld van die brug na die toekoms. Meijer stel naamlik tereg dat, hoewel 'n mens kan konkludeer dat die sending al honderd jaar gelede die eindes van die aarde bereik het, ons sendings-taak nog nie voltooi is nie. Dit is eers verby op die dag wanneer Christus terugkom! Al staan daar in elke land en provinsie van die wêreld 'n kerk, in vele gevalle ook 'n Bybelgetroue kerk, word daar nuwe generasies gebore wat dikwels sonder die Woord op-

groeï, of totaal verkeerde denkbeelde daaroor koester. Dit geld nie in die laaste plek vir die moderne sekulêre Europa nie – 'n hele nuwe sendingsveld! Om 'n enkele statistiek te noem: die afgelope 25 jaar (sedert 1990) het daar een-en-'n-half miljard mense op aarde bygekom! Ons bede is dat baie uit hierdie skare ook eendag sal beeam: "Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig! (Rom. 10:15)

Al met al is dr Jan Meijer se nuutste boek baie waardevol. Dit verskaf 'n historiese besef wat ons in ons tyd so nodig het.

Ds PG Boon, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata

Verkrygbaar by Die Boekuitgewers (DBU). Tel. 012 332 0127 (Louise Ros) of Folmer Boekhandel (Petro Drijfhout). Prys is R270.

Wie is Die Boekuitgewers (DBU)?



Die Boekuitgewers is opgerig met die uitsluitlike doel om gereformeerde lektuur in SA te versprei. DBU is 'n klein uitgewery wat poog om gehalteboeke teen bekostigbare pryse te verskaf. DBU probeer met sy werk die opdrag uit te voer wat die Here

God aan sy gelowige kinders gegee het en gee. Dat die werk geseën word, het al geblyk in die afgelope jare. Ons wil graag op dié spoor verder gaan.

Kontakpersoon: Louise Ros

dbu.boeke@gmail.com

Studente proteste

Onrus oor studie-finansiering

Pers-pektief

Na die 'beeldestorm' van 'koloniale' standbeelde deur studente vroeër die jaar, is die nuus in Oktober oorheers deur nuwe studente-proteste op die meeste universiteitskampusse. Aanvanklik was dit gerig teen die verhoging van studiegelde in 2016, maar later ook vir gratis onderwys, die afskaffing van uitkontraktering van dienste en in die algemeen vir versnelde transformasie van die universiteite. Dit blyk dat studiegelde by universiteite die laaste jare baie vinniger styg as inflasie en dat dit vir arm studente baie moeilik is om te studeer as hulle nie 'n studiebeurs het nie. 'n Akademiese studie word gesien as die pad na (goeie) werk. Die algemene werkloosheid onder die Suid-Afrikaanse jeug onder 26 jaar is ongeveer 40%, terwyl die werkloosheid onder gegradueerdes 'slegs' 9% is.

Dit is opmerklik dat die minister van Hoër Onderwys, mnr Blade Mzimande, ook die voorsitter is van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, wie se beleid dit is om alle produksie-middele onder staatsbeheer te bring. En dit behoort gratis onderwys in te sluit, veral vir kinders uit die 'proletariaat' (die werkersklas). Maar die werklikhede, soos die Suid-Afrikaanse begroting en die ANC-beleid, verhoed die SAKP om dit in te voer. Die verlies-lydende semi-staatsorganisasies, soos die Poskantoor, Eskom en die SAL, is al klaar 'n

groot kopseer vir die ANC. Die werklikheid is dus dat daar nie nou geld is vir gratis onderwys in Suid-Afrika nie.

Reaksies

Die vise-kanselier van die Universiteit van die Witwatersrand ('Wits'), prof Adam Habib, het taamlik vinnig gereageer op die (aanvanklike) eise van die studente. Hy was baie geduldig en het goeie leierskap gewys. Maar hy het nie eintlik 'n keuse gehad nie. As hy nie sou toegee het nie, sou daar 'n gewelddadige konfrontasie tussen die studente en die polisie en veiligheidswagte plaasgevind het, met gevolglike groot skade aan universiteits-eiendomme en ontwinging van klasse en eksamens. Nou het die proteste taamlik vreedsaam verloop. Later het prof Ihron (nie 'iron' nie) Rensburg van die Universiteit van Johannesburg wel sy voet neergesit en verdere studente-protes op sy kampus verbied.

Die gevolg van die toegewing by Wits, en later by ander universiteite, was dat hulle ekstra befondsing van elders sou moes kry. Na oorleg het die staatspresident, mnr Zuma, ook al (vir sy doen) vinnig 'n besluit geneem en gemeld dat die studentegelde volgende jaar nie verhoog gaan word nie en dat die regering

die benodigde ekstra fondse (meer as R2 miljard) aan die universiteite sal voorsien. Mnr Mzimande het later verklaar dat die nie-verhoging van studiegelde slegs sal geld vir behoeftige studente en nie vir die rykes nie. Verder het hy gemeld dat die 'ryk universiteite' ook bereid is om die 'arm universiteite' te help met befondsing. Daar is dus nog steeds onduidelikheid oor wie werklik sal betaal vir die ekstra koste van hoër onderwys in 2016 en daarna. Maar ongetwyfeld sal vanaf volgende jaar die belastingbetaler sy deel hieraan bydra. Die onderwys vorm reeds die grootste onderdeel van die staatsbegroting en betref 'n groter persentasie as in baie ander lande.

Dit is opmerklik dat die staatsorganisasie vir die opleiding van vakmense (die 'Sector Education Training Authorities' of SETA's) juis met 'n bedrag van R2 miljard op hulle begroting sit wat nog nie bestee is nie (Marc Ashton in Moneyweb Today van 19 Oktober 2015). Die grootste deel van die SETA-inkomste kom uit 'n spesiale 1% belasting op die koste van menslike hulpbronne. Verder het (volgens die bron hierbo) die Suid-Afrikaanse besighede blykbaar gesamentlik 'n bedrag van meer as R500 miljard op hulle balansstate, waarvan ook 'n deel beskikbaar gemaak sou kon word vir opleiding en studiebeurse. Geld behoort dus nie 'n al te groot probleem te wees nie.

'n Opmerklieke reaksie van die minster van Polisie was dat daar waarskynlik 'n 'derde mag' bedrywig is by die studente-proteste. Die 'onskuldige' studente laat hulle onbewus aanhits tot teen-regeringsoptrede en dit is vanselfsprekend verwerplik. Die opposisiepartye laat duidelik weet dat hulle die studente-proteste sien as 'n aanklag teen die beleid van die regerende ANC. Maar omdat die minister nie sonder meer beskuldigings teen die EFF en die DA kan rig sonder bewyse nie, is dit seker maar beter om te praat van 'n 'derde mag'. Dit roep ook by die burgers gevoelens op van bedreiging en maak verdere studente-proteste verdag.

Werklike studie-probleme

Die verwagting van baie studente is dat 'n akademiese kwalifikasie vir hulle toegang sal gee tot goeie werk. Maar baie studente is nie voldoende gekwalifiseer vir 'n studie in ingenieurswese of finansies of 'n mediese rigting nie, en juis daaraan is groot behoefte in die land (volgens die amptelike skaarstelys van beroepe en waar die regering oorweeg om buitelanders in te voer). Studente kies dus maar 'n studie waar hulle wel toegelaat sal word. Dikwels is dit 'n BA-studie in sosiale of politieke wetenskappe, waar

deurgaans slegs die staat as werkgever optree. En dan is daar 'n veels te groot aanbod vir te min poste.

Die regering en bedryfslewe sou dus eerder studiebeurse moes toeken aan studierigtings waaraan behoefte is (asook gratis vakopleiding). En omdat te min studente kwalifiseer vir toelating, sou daar 'n post-matriek studiejaar ('Graad 13') moes kom waar matriekstudente met potensiaal en belangstelling hulle verder sou kon bekwaam in wiskunde en wetenskap, sodat hulle wel 'n tegniese, finansiële of mediese studie sou kon aanpak. So 'n 'Graad 13'-studie sou bv. ook deur afstandsonderrig gedoen kon word. Met hierdie aanpak werk studiebeurse as 'n investering in die land se toekoms en sal dit meer rendement oplewer as die vrye studiekeuse wat studente nou het. Die regering en bedryfslewe sou meer moeite moes doen om die stigma van die minderwaardigheid van 'n vakopleiding uit die weg te ruim. Die land het behoefte aan goeie vakmense en hulle is dalk meer nodig om die ekonomie te stimuleer as mense met akademiese grade.

Daar is ook 'n obsessie met diplomas en sertifikate. Hoe meer jy daarvan het, hoe beter is blykbaar jou werkvooruitsigte. Maar diplomas het baie 'goedkoop'



Hurter Spies
prokureurs • attorneys

Prokureurs, notaris en aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
 - Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
 - Notariële waarmerkings
 - Testamente
- Algemene regsadvies

KONTAK ONS VANDAG NOG!
Werner Human
Tertius Kruger
Willie Spies

Tel: 012 664 0708 • E-pos: willie@hurterspies.co.za

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Eleanor Swart
Erika de Vries

Bladuitleg:

Vakant

Taalversorging:

Margriet de Mooij

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Pretoria Jacaranda
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks asb. uitgemaak aan L. Ros.
Kontant/Tjekdeposito's: Laat weet
asb. die administrasie.
Onthou asb. om u lidnommer / Naam
& Van waar maandelik te gebruik by
betalings.

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R130
RSA per pos: R180
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Jaarliks betaalbaar voor/op 28 Feb. asb.

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

geword, daar is meer opleidingsinstitute en geleenthede in die land as ooit tevore, en nie steeds van goeie gehalte nie. Met diplomas is die kennis blykbaar wel daar, maar die bybehorende vaardighede en ervaring bly skaars. Dit is 'n probleem in Afrika.

Beoordeling

Die onlangse studente-proteste het gewys wat die mag is van massa-optrede, veral van studente. Die studente het in twee weke meer bereik as die opposisiepartye in 21 jaar: die regerende ANC het toegegee en sy beleid aangepas. Op 'n manier gee dit moed vir die toekoms, maar dit is jammer dat verbetering van beleid op hierdie manier en nie rustig en weloorwoë in die land se raadsale kan plaasvind nie. Maar die studente en die middelklas burgers ('n belangrike stemme-groep) sal vir die ANC die grootste bedreiging wees in die komende verkiesing. Hulle kan die balans laat oorslaan na opposisiepartye as die ANC in onguns val. Die ANC moet dus baie versigtig en suuttjies omgaan met die middelklas.

Jerry Schuitema (in Moneyweb Today van 6 November 2015) meld dat in die (politieke) debatte in Suid-Afrika dikwels 'ander' geblameer word vir sake wat verkeerd loop. Hy stel dat deur 'ander' te blameer, jy jou eie verantwoordelikheid vernietig. As die studente net so ywerig sou wees met die opbou van hul toekoms as met die hou van proteste, dan het hulle, volgens hom, 'n blink toekoms. Schuitema noem drie vereistes vir doeltreffende ontplooiing van jou talente: 1) akademiese of beroeps-kwalifikasies, 2) vaardighede en ervaring en 3) ywer en bereidheid om eie verantwoordelikheid te neem. Hy stel dat die laaste vereiste selfs op sy eie onontbeerlik is vir ondernemerskap. Daarby noem hy 'n aantal lande waar hierdie sake deel is van hulle kultuur en waaraan Suid-Afrika 'n voorbeeld kan neem.

So het die studente-proteste heelwat in beweging gebring. Denke oor die pad vorentoe by universiteite en die regering, maar ook by beleid-makers daarbuite. Amper alle sektore in die land is hierby betrokke en in 'n gesamentlike oefening sal daar goeie en werkbare oplossings gevind moet word vir die probleme van studie en opleiding. Ons jongmense wat gaan studeer sal in die meeste gevalle maar aanvanklik by pa of sy bank moet aanklop vir 'n studielening. Daar is min studiebeurse beskikbaar, veral vir die eerste studiejaar. Maar by goeie prestasie is daar meriete-beurse wat beskikbaar kan kom by universiteite. Vind uit en doen aansoek daarvoor. Maar as dit moet, dan bly 'n studielening by die bank vir die volle duur van die studie nog steeds 'n goeie investering in jou toekoms, mits jou studierigting onder die skaars beroepe val.

Om 'n goeie verstand te hê, is 'n groot seën. Maar die Bybel leer ons dat blote verstand sonder begrip en wysheid min nut het. Laat ons as jongmense veral nie vergeet om ook klem te lê op die verkryging van wysheid en dit bou (volgens o.a. Spr. 1:7 en 9:10) op die basis van die 'vrees' van die Here, op 'n gelowige lewe in eerbiedige vertrouwe op Hom. So kan ons ons talente identifiseer en ontwikkel tot eer van God, tot vreugde vir onself, tot diensbaarheid aan ons medemense en samelewing en tot ontplooiing en bewaring van God se skepping.

Hans Moes, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad